# HILLCREST HIGH SCHOOL

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# GRAAD 11

# VRAESTEL 3

# NOVEMBER 2021

**TYD: 2 UUR** **PUNTE: 100**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye**

## Inligting en instruksies

1. Hierdie vraestel bestaan uit 3 afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| Afdeling A: | Opstel | (50) |
| Afdeling B: | Lang Transaksionele Skryfstuk | (30) |
| Afdeling C: | Kort Transaksionele Skryfstuk | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke **beplan, redigeer en proeflees**. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ‘n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy ‘n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| Afdeling A: | 60 minute |
| Afdeling B: | 40 minute |
| Afdeling C: | 20 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit in die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word nie.

11. Skryf netjies en leesbaar.

12. Skryf jou Afrikaanse onderwyseres se naam op jou antwoord-boekie neer.

(Jordaan, Middleton, Meiring, Combrink, Haluman of Ramdhani.)

AFDELING A: OPSTEL

Vraag 1.

- Kies EEN onderwerp en skryf 200-250 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1. Die onvergeetlikste vakansie.

1.2. Die persoon het my, in my uur van nood, soveel gehelp.

1.3. Die grootste avontuur van my lewe tot dusver.

1.4. Pas ons planeet, aarde, op!

1.5. Wat die afgelope 2 jaar, en die Covid pandemie, my geleer het.

1.6. Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1.) en die titel van jou opstel neer. Jy moet jou EIE titel gee vir die opstel.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband (connection) tussen die opstel en die prent wat jy gekies het, wees.

1.6.1.



OF

1.6.2.



OF

1.6.3



(50)

Totaal Afdeling A:50

Afdeling B: Langer Transaksionele Skryfstuk.

Vraag 2.

- Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 120 -150 woorde daaroor.
- Onthou om te beplan, redigeer en proeflees.
- Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan.

**2.1. Vriendskaplike brief.**



ʼn Goeie vriend/in van jou het onlangs ʼn belangrike toets gedruip. Jou vriend/in sukkel met die vak. Daar is drie weke oor voordat die eksamen begin.

Skryf nou ʼn vriendskaplike brief aan die persoon waarin jy vir haar/hom probeer moed inpraat (encourage) en ook aanbied om te help voorberei vir die eksamen.

(30)

**OF**

**2.2. Dialoog.**



Jou ma/pa is baie streng en het verskriklike hoë verwagtinge (expectations) van jou. Jy het die moed (courage) bymekaar geskraap om met haar/hom te praat daaroor. Jy is heel verbaas (surprised) met haar/sy positiewe reaksie.

Skryf nou die gesprek neer wat tussen jou en jou ouer plaasvind.

(30)

**OF**

## 2.3. Verslag



Margaret Smith in graad 11 se nuwe I-pad is gister by die skool gesteel. Jy het iets agterdogtigs (suspicious) gesien en dit by die Graad-beheerder, Mnr. Duke gerapporteer. Hy het vir jou gevra om ŉ verslag te skryf oor <u>wat</u> jy alles gesien het, <u>waar</u> jy dit gesien het, <u>wie</u> jy gesien het. Onthou om die datum en tyd in jou verslag in te sluit. Jy moet ook die verslag onderteken.

Skryf die verslag neer. (30)

OF

## 2.4. Huldeblyk

Jy neem al jare lank aan jou gunstelingsportsoort deel. Jou span se afrigter gaan aftree en jy moet namens die span ŉ huldeblyk lewer en hom/haar bedank vir alles.

Skryf die HULDEBLYK.

(30)

Totaal vir afdeling B: 30

Afdeling C: Kort Transaksionele Skryfstuk.

Vraag 3

- Kies een van die volgende onderwerpe en skryf dan 80- 100 woorde daaroor.
- Onthou om jou beplanning op ŉ skoon bladsy te doen.
- Skryf die aantal woorde neer wat jou skryfstuk beslaan

**3.1. WhatsApp boodskap.**

Jy moet vir jou ma ŉ WhatsApp boodskap stuur. Jy het vergeet om vir haar te vertel van ŉ aktiwiteit wat jy na skool moet doen. Jy moet haar laat weet van die verandering in oplaai-tyd en plek. Onthou dit is jou ma met wie jy kommunikeer.

(20)

**OF**

**3.2. Dagboekinskrywings.**

Daar is ŉ konsert in julle dorp/stad. Jy gaan die geleentheid kry om jou gunstelingsanger/-sangeres te ontmoet. Maak DAGBOEKINSKRYWINGS vir TWEE dae hieroor soos volg:

• EEN inskrywing die dag voordat jy die konsert bywoon.
• EEN inskrywing die aand na die konsert. (20)

**OF**

**3.3. Instruksies**

Jou pa is bekommerd dat jy te veel tyd op jou selfoon deurbring. Hy het instruksies gegee oor wanneer en waar jy jou selfoon mag of nie mag gebruik nie.

Skryf die SEWE INSTRUKSIES neer wat jou pa vir jou gegee het

(20)

**Groottotaal:100**